Ashton
6715
+27236148000 (Office)
+272361421841 (Faks)
kbrand@langeberg.gov.za



"People at the centre of Development"

Disclaimer: This message contains information which is confidential, legally privileged, and protected by law. It is intended only for the use of the intended recipient. Interception thereof is therefore illegal. If you are not the intended recipient, you may not peruse, use, disseminate, distribute or copy this message or any file attached to this message. Should you have received this message in error, please notify us immediately by return e-mail. Views and opinions expressed in this e-mail are those of the sender, unless clearly stated as being that of the Langeberg Municipality.

From: Lynne Saayman <LSaayman@wcpp.gov.za>
Sent: 22 October 2021 15:08
To: Kobus Brand <KBrand@langeberg.gov.za>
Cc: Ronel Ferreira <RFerreira@langeberg.gov.za>; Irene Saayman <Saaymal@eskom.co.za>
Subject: re; PROPOSED REZONING OF ERVEN 8210 & 402, HOPLEY AVENUE, ROBERTSON

Dear Sir

With reference to the correspondence with Reference 15/4/9/5 dated 28 September 2021 regarding the above-mentioned subject, please find attached letter for your attention.

Kindly acknowledged receipt of this email and attachments.

Kind regards

49

BESWAAR 6

50

Jeneke str 6

Robertson

6705

21 Oktober 2021

Die Stadsbeplanner

Mnr. Jack Van Zyl

Administratiewe en uitvoerende kantoor

Langeberg Munisipaliteit

Piet Retief str 3

Montagu

6720

I/S Voorgestelde hersonering van erwe 8210 en 402, Hopleyalaan, Robertson soos adverteer in Gazette van 28 September 2021

Hiermee maak ek, Melanie Rossouw, beswaar teen die hersonering van bogenoemde erwe.

Agtergrond

Met die koop van erf 402 op tender in 2019, het Mnr en Mev Wentzel in hoë 'vibracrete' muur voor in Hopleyalaan en in Jeneke straat onderskeidelik opgerig. Die muur is opgerig sonder dat die inwoners van Jenekestr in ag geneem is. Dit het veroorsaak dat die inwoners geen uitsig het vanaf hul wonings het nie. Die oprig van die muur het ook veroorsaak dat sig na die huise ook belemmer is en gevolglik het kriminele elemente toegeslaan op die huise. Inbrake en diefstal het toegeneem en die veiligheid van die inwoners is in gedrang gebring.

'n Epos is aan die Munisipaliteit gestuur en alhoewel amptenare hier kom besoek het, is niks aan die situasie en die hoë muur gedoen nie. Dit sluit die ingang van Jeneke Straat uit Hopleyalaan in waar geen sig van aankomende verkeer is nie. Vervoer uit Jeneke straat moet in Hopleyalaan gaan om aankomende verkeer te sien en heelwat nuwe ontkominge is ervaar, insluitend met die busse van Mnr. Wentzel. Die situasie is 'n ongeluk wat wag om te gebeur.

Situasie huidige

In die motiveringsverslag, ontvang per geregistreerde pos, word vermeld dat Mnr Wentzel al etlike jare 'n vervoerbesigheid bedryf op erf 8210. Voorts noem die brief dat die bedryf van die vervoerbesigheid op 'n residensiële erf nie aanvaarbaar is nie. Hoe kon die Munisipaliteit dit toelaat vir etlike jare as dit nie toelaatbaar is nie?

Mnr Wentzel het die erf gekoop vir die doel om die busse daar te parkeer, sonder die toestemming of insae van die nabygeleë inwoners. Hiermee vra ek wat die Beleid van Langeberg Munisipaliteit is aangaande industriële bedrywighede in residensiële gebiede.

30

In die motiveringsbrief bevestig u dat die busse veroorsaak geraas en probleme met verkeer. Inaggenome die problem by die ingang van Jeneke str, Is dit nie net die problem verskuif van een erf na n ander nie en ook dat die busse en vervoer vermeerder, sodoende ons probleme vermeerder?

Op die kaart wat ingesluit is in die motiveringsverslag meld dit dat Mnr Wentzel van voornemens is om ingang gemerk tussen B en C op die kaart te gebruik. Volgens my kennis loop Le Roux Str regdeur soos gesien op die kaart en op die fotos in die verslag kan ook gesien word dat die pad met n muur toegebou is. Op die kaart word ook gelet dat die erwe 8210 en 402 strek tot in die rivier. Volgens my kennis is gebiede aangrensend riviere geeneen se eiendom nie. Op die kaart, regoor erf 2139 Is opvulgrond en wanneer is dit ingesluit in erf 402?

Besware

- Vervoer word bedryf enige tyd en sodoende word rusverstoring in nagtelike ure verwag, veral met die komende vrugteseisoen na Langeberg vrugte verpakkers en met bykomende voertuie naweke.
- Meer geraas in die andersins stil straat word verwag
- Die uitlaatgasse van die busse kan gesondheidsrisiko verhoog.
- Kriminele elemente het toegeneem a.g.v. die hoë vibracrete muur en kan nog toeneem
- Bogenoemde probleem van tekort van sig help nie veel nie.
- Die hoë vibracrete muur se klagtes is steeds nie aangeluister nie, en daar is reeds 'n hersonering van die erwe
- Die verbrokkeling van die paaie deur die swaar vervoer en dis paaie wat motors in die residentiële gebied ook gebruik.

Ek hoop u oorweeg my besware goedgunstig en keur die hersonering af.

Vriedelike groete

Melanie Rossouw

Selfoon nommer: 072 403 9707

BESWAAR 7

52

Mnr DB & A Kriel
9 Hopleyalaan
Robertson
6705
Rekening no: 1-11-4581-001-2

19 Oktober 2021

Verwys: Gazette 28 September 2021 / Geregistreerde Munisipale Brief 28 September 2021
MK Nr 49/2021
Voorgestelde Hersonering van Erwe 8210 & 402, Hopleyalaan Robertson
Eienaars : P & MP Wentzel

Beswaar teenoor Voorgestelde Hersonering van Erwe 8210 & 402, Hopleyalaan Robertson, Residensiële Sone na Vervoersone

Geagte Bestuurder: Stadsbeplanning

Hiermee teken ons, Mnr DB Kriel en Mev A Kriel, Eienaars van bogenoemde eiendom, beswaar aan teenoor die aansoek vir bogenoemde hersonering.

Hierdie area is n woongebied al vir jare en ons as inwoners sal nie toelaat dat bogenoemde bedryf voortgaan nie.

Veiligheid speel n groot rol. Ons het verskeie ouderdoms groepe (Kinders, afgetreedes, Voetgangers) wat die woongebied bewoon, vrees vir enige ongelukke agv groot swaar busse wat in die strate gaan moet beweeg. Die Busse ry alreeds asof die pad aan hulle behoort, geen perke dat ander voertuie of voetgangers ingedrang is nie. Vrees van inbrake wat kan groter raak agv van die aantrekkings krag om goedere te steel van die besigheid en ons inwoners kan daar onder lei en selfs ook baie verliese he.

Gesondheids risiko gaan almal effekteer. Gasse van uitlaat pype, olie reuke (enige afvalstowwe), allerhande werksverrigtinge soos "Spraypainting" en geraas van werke, beïnvloed die leefwyse van ons woonbuurt. Ongelukkig word hierdie busse al kilometers ver gehoor, die opwarm en gedreun van enjins wat tot in ons woonkamers gehoor kan word, wat n baie slegte en onaangename inpak in ons huishouding het. Al gaan die plan van staanplek Of in-en uitgang geskuif word na erf 402 – het dit nog steeds impak op ons woning/ huishouding soos bogenoem.

Infrastruktuur van die pad, wat nie geskik is vir groot swaar voertuie nie. Ons beleef alreeds gate in die pad, en dit kan lei tot skade (ondergronds) aan ons wonings en nog verdere infrastruktuur probleme skep vir die munisipaliteit. Die Breedte van die pad is nie geskik nie, asook dat die in- en uitgang (Soos aangedui in brief) wat op 'n stopteken (Hoek van straat) moet geskied, kan padongelukke vererger. Ongelukkig gaan daar nog steeds n opeenhoping van Verkeer wees. Voertuie wat die parkeer area moet gebruik in Le Rouxstraat (waar die busse gaan moet indraai) gaan onveilig voel oor hulle voertuie omrede groot swaar voertuie moet daar verby beweeg. Verwys na die parkeer kaart soos per brief van

32

Mnr Wentzel. Tans staan die busse voor teen die hek, regoorkant ons ingang (Verwys na Foto). Busse moet skoon gehou word, waarop die waterdruk ook n problem vir ons ander inwoners is.

Die Besigheid gaan nie n goeie beeld en karakter wees vir ons woonbuurt nie. Op die huidige oomblik is dit alreeds nie en ons voel al klaar woedend oor dit. Ons eiendoms herverkoop waarde gaan negatief beïnvloed word en sal moeilik verkoop kan word agv van n Vervoer Besigheid in ons area agv van bogenoemde redes.

Verwys na die Mnr Wentzel se bewoording in die brief " ..bedryf n vervoerbesigheid op Erf 8210 reeds vir etlike jare.."

Ons is bewus daarvan dat hierdie besigheid al vir jare bedryf word, maar ons was ook onseker of dit wel volgens die regulasies reg bedryf word. Ons het dus navrae begin doen, waarop ons nou bewus is dat Mnr Wentzel feitlik onwettig die besigheid bedryf het op n residensiele perseel en ons dalk al baie jare vroeër moes opgetree het. Daarop versoek ons dat alle regstappe teenoor: die besigheids bedryf onwettig en nie volgens die regulasies van Munisipaliteit reëls opgetree het nie, beboet moet word. Ons het alreeds baie ondergelei, met alle aspekte soos bo in ons redes, ervaar. Ons leefwyse was alreeds negatief beïnvloed deur hierdie bedryf: gesondheid risk met die gasse en stowwe, geraas, steurnis, inbraak op privaatheid, parkeer beperking en veiligheid. Ons as inwoners moet residensiele belasting betaal, en besigheids bedrywighede moet Besigheids belasting en tariewe betaal? Ons verwag asb terugvoering op hierdie versoek dat daar opgetree sal word. Alle uitstaande jare se besigheids belasting /tariewe moet betaal word.

Ons woon in n woonbuurt waarop ons geregtig is vir ons veiligheid en gesonde omgewing. Die area was en sal nog altyd n residensiele area/woonbuurt wees.

Hoop en vertrou u ondersteun ons beswaar en hoop dat dit spoedig afgehandel kan word om enige voorkomstige probleme, onsmaklikheid of ongelukke te vermy. Ons versoek ook dat alle bedrywighede van die besigheid onmiddellik gestaak moet word om vanaf die residensiele area gebedryf word tot daar finale uitslae gelewer word. Omrede dit alreeds teen die wette/reëls/regulasies bedryf word. Hierdie Vervoer besigheid moet vanaf n industriële gebied bedryf word.

Ons hoop en vertrou dat u ons belange respekteer, en die aansoek kan afkeur vir ons Residensiele inwoners.

U kan ons kontak by die volgende:

Aubrea Kriel 082 416 2477 – Epos address beakriel@gmail.com

Duane Kriel, 082 559 0995 - duane.k@mweb.co.za




Groete

Mnr DB & A Kriel







PETISIË 275 - RESULTAAT.

51

Petisielys

Met die ondertekening van die petisielys, maak ons **beswaar** teen die voorgestelde hersonering van erwe 8210 en 402 in Vervoersones










	NAAM	ADRES	HANDTEKENING	Kontak nommer	
*	Melanie Rossouw	Jenekestr. 6	M Rossouw	072 403 9707	+ BRIEF
2	ENIS JENEKE	Jeneke Str. 6	Enis Jeneke	023 626 3411	
3	C. VAN DE HEIJE	JENEKESTR. 6	C van Heesde	023 626 3863	+ BRIEF
4	U.E. GOLIATH	12 HOPLEY LAAN		023 626 2177	
5	J. M. GOLIATH	12 Hopley laan		023 626 2177	
6	H.E.C. Cupido	Jenekestr. 2	H.E.C. Cupido	013 154 9031	} + BRIEF
7	M. Cupido	Jenekestr. 2		072 112 4167	
8	A. Kriel	Hopley laan 9.	A Kriel	082 416 2477	
9	D.P. KRIEL	Hopley laan 9		083 551 0995	
10	A. Lewies	Hopley 7	A Lewies	076 142 7500	
11	M. Dames	Hopley 7		076 142 7500	
12	J. Kloaste	Hopley 7	JK	073 006 9654	
13	L. De Vlaam	Hopley 7	L. De Vlaam	064 159 3334	
14	M. De Vlaam	Hopley 7	M. De Vlaam	064 159 3334	
15	K. Dames	Hopley	K. Dames	064 159 3334	
16	B. Jansen	Hopley 8	B. Jansen	071 745 2176	+ BRIEF
17	E. Jansen	Hopley 8		065 560 6956	
18	J. Tonker	Le Roux 62	J. Tonker	083 944 4619	
19	E. Tonker	Le Roux 62	E. Tonker	061 963 1073	
20	C. Stals	Le Roux 61	C. Stals	071 970 8939	

* ORGANISATOR: M. Rossouw, Jenekestr. 6.

32

Petisielys

Met die ondertekening van die petisielys, maak ons **beswaar** teen die voorgestelde hersonering van erwe 8210 en 402 in Vervoersones

	NAAM	ADRES	HANDTEKENING	Kontak nommer
21	Alida	Swanapoel		0724577592
22	Christiaan	Matthys		078 311 4761
23	Ellewallyn	MATTHYS		0760070820
24	ROSCHIE	EKSTEEN		075578388
25	Francis	Erdeem		06410236261832
26	George	du Plessis		0637309742
27	Marius	Le Rouxstraat		0765877454
28	Jennifer	De Rouxstr		0723853514
29	Joan Beyers	Hylle Rouxstr		0634335142
30	U. B. B. B.			0927483055
31	Emmerensia	Le Rouxstr 45		0544777394
32	Kallie	Le Rouxstr 45		0544777394
33	N. Leeuwen	Le Rouxstr		0724878672
34	K. Heydenryx	58 Le Roux st		0727807729
35	P. Heydenryx	58 Le Roux st		0767170419
36	A. Buirman	63 Le Roux		0829518792
37	C. Buirman	63 Le Roux		0829518792
38	J. Mostert	63 Le Roux		0646650677
39	E. Daames	52 Le Roux		0833478183
40	E. Daames	52 Le Roux		0846183501

BYLAE 4

Aansoeker se reaksie op besware

AANSOEKER SE REAKSIE OP BESWARE

Mnr P Wentzel
Hopley laan 6
Robertson
6705

61

Arnold Theron
Pr. Land Surveyor / Landmeter
9 Voortrekker St. Robertson
023 6143335/0828742094

Geagte Meneer,

IN SAKE: BESWARE TEEN HERSONERING VAN ERF 402 & 8210 HOPLEYLAAN 6 & 10

Ek verwys na die bovermelde aangeleentheid.

Ek bevestig dat ek 'n hersoneringsaansoek geloods het en dat besware aangeteken was, nadat ek my kennisgewings gelewer het.

Dit is my opmerking dat inwoners, hoofsaaklik 7 families, besware geopper het met dieselfde bekommernisse en is dit my intensie om in hierdie skrywe hul besware in *seriatim*, te adresseer.

ANTWOORD OP BESWARE VANAF:

Mnr & Mev Kriel;
Mnr & Mev Cupido;
Mnr & Mev Jumat;
Melanie Roussouw
Mnr EE Jansen
Irene & Lynne Saayman
Me M Smith

1. Die area is 'n woongebied en inwoners sal nie toelaat dat my busbedryf voortgaan nie:

Robertson het oor die jare, soos baie ander klein dorpie, ontwikkel en is steeds besig om te ontwikkel. Op hierdie stadium beskik al die strate aangrensend tot Hopley en Le Rouxstraat



oor besighede, naamlik Van Zylstraat, Le Rouxstraat, Albertsraat en Keeromstraat in 'n radius van 200 meter. Verder as die 200m is ook heelwat besighede en word die Munisipaliteit uitgenooi om die besighede in die omgewing te kom besoek ter bewyse hiervan.

Die volgende besighede is besighede wat spesifiek $\pm$ 50 meter vanaf my woning bedryf word:

- Môreson kafee ingang,
- Van Zylstraat sportgronde – agter my,
- Jim van Tonder kafee (daar stop sommer heelwat vragmotors),
- Langeberg bestuurskool
- 2 haarsalonne,
- Farmer's market (wat ook vragmotors vrugte aflaai tot op interlink vragmotors),
- Sweisplek in Le Rouxstraat voor/na Farmer's market waar vragmotors staal aflaai.

Die volgende besighede is besighede wat $\pm$ 200 meter aangrensend van Van Zyl en Keeromstraat bedryf word:

- 2 x begrafnis ondernemers;
- Bietjie van als winkel – verskeidenheid items vanaf kamp toerusting, elektriese toebehore, motor parte, huishouding toebehore, ens;
- Klere winkel/ rekenaars;
- Jamona Superette; en
- Don Bros kafee wat verskeie items verkoop.

Besighede wat handeldryf in Albertstraat $\pm$ 50 tot 150m vanaf Hopleyalaan:

- Dagsorg sentrum;
- Meubels herstel plek; en
- Sleepwa verhuurings plek.

Daar word nog verskeie ander besighede binne die 200 meter radius bedryf. My besigheid word al die afgelope + 28 jaar in hierdie area bedryf, lank voor die Kriel en ander gesinne hier kom woon het. My besigheid is welbekend en was voormelde gesinne bewus daarvan voor hulle eiendom gekoop het. Soos hierbo uiteengesit is Robertson 'n ontwikkelende dorp en word die area reeds gebruik om verskeie besighede vanaf woongebiede te bedryf. My besigheid is nie 'n uitgesondering op die reël nie.

Mnr Israel Jeneke, het voor my ook 'n busdiens besit en het die besigheid ook vanaf Erf 402 bedryf. Die afleiding kan dus gemaak word dat die eiendom wel geskik is vir die hersonering waarvoor ek aansoek gedoen het.

2. Kwessies rondom veiligheid

Ek is nie bewus van enige swaar voertuie wat ongelukke gemaak het in Hopleylaan of Le Rouxstraat nie. Dit is my mening dat hierdie stelling baie vergesog en onredelik is, aangesien enige voertuig 'n ongeluk kan veroorsaak. Ons plaas op rekord dat Mev. Kriel 'n baie ongeduldige bestuurder is en dat sy baie onlangs op die h/v Le Roux en Keeromstraat in 'n ongeluk betrokke was.

Verder, parkeer Me Kriel en haar besoekers in Hopleylaan, wat hulle nie mag doen nie, aangesien dit teen die Padverkeers Wet is, naamlik Regulasie 304(f), Wet 93/1996 Nasionale Padverkeers Wet. Hul beperk dus swaar voertuie en ander motoriste se verkeers vloei in Hopleylaan. Indien daar so groot vrees vir ongelukke bestaan het, sou hul nie so onverskuldig opgetree het nie.

3. Vrees vir inbrake

Kriminele elemente is buite my beheer as inwoner en besigheidseienaar. Kriminele elemente is al vir jare deel van ons gemeenskap, veral dwelm misbruik. Hopleylaan word as 'n deurgangs roete gebruik vir kriminele elemente. Ek en Jansen, afsonderlik, het dit al gerapporteer by die SAPD. Skelms gebruik die beboste "Wilmnellsrivier" as skuilplek. 'n Moord was al gepleeg en vrouens wat in die rivier gesleep word gebeur op 'n gereelde basis. Persone gebruik Hopleylaan en le Rouxstraat ver na Curfew tyd tans (24h00-04h00).

My perseel word met 'n sekuriteit stelsel en gewapende reaksie eenheid beskerm wat volgens my mening 'n groot pluspunt vir die inwoners is, aangesien daar gereeld sekuriteit is wat die perseel kan monitor en patroleer en so ook ander kriminele elemente in die omgewing afweek. Sou hierdie erf onbenut gelaat word, sal baie meer kriminele aktiwiteite geskied en staar die eiendom moontlike vandalisme in die gesig, wat juis skade sal doen aan die aantreklikheid en voorkoms van die area.

4. Bedryfstye

Daar is verskeie swaar voertuie wat gebruik maak van Hopley laan en Le Rouxstraat. My busse verlaat die perseel 90 % een keer in die oggend en keer slegs een keer terug in die aand op die laaste 20h00. My besige tyd beloop vanaf Oktober tot middel Desember, daarna is die gebruik van busse $\pm 60\%$ - wintermaande skaal dit verder af tot $\pm 30-40\%$ in gebruik. Somertyd strek vanaf $\pm 06h00$ tot 20h00 en wintertyd vanaf $\pm 07h00$ tot 15h00 en soms een bus tot 18h00. Die gebruik van 1 bus is soms op aanvraag vanaf 05h00 gedurende seisoen tyd Oktober tot middel Desember, maar dan laai plaas vragmotors en ander bus maatskappye reeds mense by Moreson ingang op.

5. Gesondheidsrisiko

Ek ontken ten sterkste dat my busse 'n gesondheidsrisiko is, aangesien my busse elke 6 maande deur 'n Padwaardigheidstoets gaan, ingevolge Regulasie 142(1) (f) Wet 93/1996. Hierdie toets word in 'n gebou gedoen waar slegs die voor en agterkant van die gebou oop is en behels die toets 'n minimum van 20 minute. Sweerlik sal die toetsbeampte vir padwaardigheid oormatige rook afkeur. My busse voldoen aan alle Regulasies wat die Wet toelaat. Besoedeling is 'n universiële aangeleentheid en kan dit nie toegeskryf word aan my busse wat dieselfde gasse uitlaat as enige ander voertuig wat deur die inwoners besit word nie.

Ek plaas op rekord dat daar 'n stortingsterrein reg agter Melanie Rossouw se woning is, wat 'n baie meer gevaarliker gesondheidsrisiko's inhou asook verdere vullis storting in die Willemnells rivier van selfs dooie diere.

Soos reeds genoem, voldoen al my busse aan Regulasie 142(1) (f) Wet 93/1996. Tensy daar 'n meganiese probleem met die bus is, sal die busse geen uitlaatgasse afgee, wat nie deur al die ander voertuie op 'n normale dag afgegee word nie.

Alle herstelwerk word uitgekонтakteur aan ander besighede in Robertson nl.: Le Roux Meganiese hersteldienste, Auto Eddie Pake, bande Hi Q en panelbeating. Ons dra dus by tot werkskepping in die gemeenskap en behou besigheid in Robertson. Groot herstelwerk van busse word nie op die perseel gedoen nie.

65

6. Infrastruktuur van die pad

Ek herhaal, vir jare gebruik swaar voertuie Le Rouxstraat en Hopleyalaan. Infrastruktuur instandhouding is 'n Munisipale funksie en die toestand van die pad kan nie toegeskryf word aan een padverbruiker nie. Daar is geen wetlike verbod op die gebruik van paaie deur swaar voertuie nie en geen redelike afleiding kan gemaak word dat 'n bus die oorsaak van padwerke is, as die pad meer deur ander tipe voertuie gebruik word nie.

7. Opeenhoping van verkeer

In my + 28 jaar van woon in Hopleyalaan, was daar nog nooit 'n opeenhoping van verkeer nie. Ek is van mening dat die betrokke persone 'n wanbegrip of van opeenhoping van verkeer het. Ek is nie van 'n parkeerarea bewus tans in Le Rouxstraat wat Kriel na verwys nie. Al parkeer iemand ook in Le Rouxstraat, sal dit geen uitwerking het op busse wat na perseel 402 beweeg nie.

Ons kan Paul Krugerstraat in Robertson as voorbeeld gebruik. Hierdie is een van die besigste strate in Robertson waar voertuie daagliks links en regs parkeer en ligte voertuie tot swaar voertuie glad nie twee-twee verby mekaar kan beweeg op sekere plekke nie. Hierdie is nie die geval in Le Rouxstraat nie.

Soos voorheen vermeld, my busdiens word al vir + 28 jaar in hierdie area bedryf en tot op hede was 'n opeenhoping van verkeer nog nooit 'n bekommernis nie. Dit is vreemd dat die hersonering van my erf skielik 'n verkeersopeenhoping kan veroorsaak.

8. Waterdruk

Ek ontken ten sterkste dat my besigheid 'n waterdruk probleem skep vir ander inwoners. Ek kan bevestig dat ons tenkwater gebruik om busse mee te was, wat geen impak op waterdruk het nie. Die foto aangeheg deur Kriel, was geneem terwyl busse gewas & gesaniteer word. As dit klaar gedoen is, word dit verder ingetrek en skep dit nie 'n obstruksie nie.

9. Oprigting van muur

Die uitsig is onbeperk vanaf Hopleyalaan en Le Rouxstraat en kan enige voertuig vrylik beweeg. Busse kan ook met gemak na Erf 402 beweeg. Die breedte van Le Rouxstraat is 'n 9 meter pad. Die Munisipaliteit was uitgenooi om die eiendom te besoek, welke besoek gemaak was,

66

soos bevestig deur Melanie Rossouw. Aangesien Melanie Rossouw nie haar gewenste uitkoms bereik het nie, het dit deel geword van haar beswaar vir 'n tweede beslissing.

Ek is daarop geregtig om my eiendom te omhein, netjies te hou en veiligheid en sekuriteit maatreëls in plek te stel vir my eiendom.

Irene en Lynn Simon se vooraansig van hulle woning is in Van Zylstraat, aangrensend tot Hopleyalaan. Laasvermelde bly in een van die besigste strate waar verkeer, hetsy lig en swaar volop is, alle ure van die dag en nag. Verder bly laasvermelde nie een tans in Robertson nie. Irene woon in Kuilsrivier en Lynn in Bellville.

10. Geraas

Ek verwys weereens na die padwaardigheids toetse waaraan my busse moet voldoen. Tydens hierdie toetse word uitlaat gasse en knaldempers akuraat nagegaan. Nie een van my busse maak gebruik van n "air brake system" wanneer gerem word nie. Indien wel, is die nuwe moderne stelsels sag op swaarvoetue. Soos enige ander voertuig, maak 'n bus 'n geluid as dit bestuur word.

Geraas is baie meer as sport byeenkomste aan is te van Zylstraat en tydens middernagtelike musiek en "dicery" te Van Zylstraat Sportsgronde. Vragmotors en ander bus Operateurs wat werkers optel in Môreson en selfs opelug kerkdienste wat aanhoudend geraas meebring in abnormale ure en vir lang periodes saans.

Dit is baie vreemd dat hierdie tipe geraas niemand pla nie, terwyl busse slegs in 'n spesifieke tydgleuf beweeg van ± 10 minute soggens en 3 minute saans. Geen rywerk vanaf ons kant word gedoen in middernagtelike ure nie. Covid het ons besigheid erg benadeel en sukkel ons klaar om kop bo water te hou.

Ter afsluiting

Dit is verstommend dat nadat 'n aansoek vir hersonering geloods is, inwoners punte wil lig wat in die afgelope + 28 jaar nog nie 'n probleem veroorsaak het nie. Ek maak die stelling dat die betrokke persone hierdie besware met kwaadwillige intensies geloods het. Die besware wat geopper is het in die verlede geen uitwerking gehad op die omgewing nie en dit is my regverdige aanname dat dit geen uitwerking in die toekoms sal hê nie. Ek maak die stelling

26

dat die besware geloods is met die uitsluitlike bedoeling om die hersoneringsproses te frustreer en uit te rek.

Ek maak hierdie afleiding gebaseer daarop dat die betrokke persone daarop aandrang dat strafmaatrêels teen my en my besigheid ingestel word. Dit spreek vanself dat hul gesondheid en veiligheid nie die beweegrede vir hierdie besware is nie, maar dat hulle 'n gevestigde besigheid wil verwoes, wat glad nie in die beste belang van die gemeenskap is nie. Ons verskaf werk aan 25 persone, insluitend skoonmakers, administratiewe personeel en bestuurders wat op hulle beurt weer vir hulle families sorg. Ons besigheid is 'n kragtige ondersteuner van plaaslike besighede, hetsy deur die aankope van parte, herstelwerk, ens. Voormelde kan met gemak bewys word.

Ons het kliente wat slegs van ons busdienste gebruik maak en om ons uit die gemeenskap te verwyder sal slegs 'n nadelige uitwerking hê op die minderbevoorregte persone wat nie hul eie voertuie kan bekostig nie.

Die besware wat ontvang is dwaal heeltemal af van die doel waarvoor dit geloods word, aangesien die betrokke persone meer bekommerd is oor Munisipale grond, die Munisipaliteit se werk en aangrensende riviere wat geen verbinding met die rede vir die Hersonering hou nie. Weereens, 'n bevestiging dat besware kwaadwilling geloods is om my en my besigheid te na te kom.


Laastens, beskou ek dit as noemenswaardig dat Melanie Rossouw (née Jeneke) se Pa voorheen die grootste bus operateur in Robertson was en dat hulle busse op Erf 402 geparkeer het en selfs meganiese herstelwerk daar gedoen. Tydens hierdie tydperk het die Cupido's, Juma's, Jansen's en Saayman's geen wesenlike klagtes gehad nie, alhoewel daar nie eers so baie besighede soos tans in die omliggende strate was nie. Eers na Melanie se pa en broer se dood, "Boy" Jeneke, het hulle die besigheid verkoop. Vir etlike jare was die voormelde persone Israel Jeneke goedgesind met sy busse en het die Jeneke's dieselfde hoeveelheid busse gehad as wat ek nou oplewer. Jansen het sy woning gekoop vanaf die Jeneke's aangrensend tot erf 402.

Ek versoek die besluitnemingskomitee vriendelik om na die feite stel te kyk en nie na emosionele en ongegronde aantuigings wat geen skade in die afgelope + 28 jaar aangerig het nie. Ek versoek die Tribunaal dan spesifiek om ag te slaan op die saak van **Koukoudis and Another v Abrina 1772 (Pty) Ltd and Another 2016**, waarin die Hoogste Hof van Appèl beslis het dat 'n beswaar teen die Hersonering van 'n eiendom, al is dit 'n Statutêre reg, 'n

misbruik van die reg op beswaar (in terme van deliktuele beginsels) daar kan stel, indien beide die Subjektiewe en die Objektiewe toetse nagekom word. Die subjektiewe toets behels die vraag of die bedoeling van die beswaarmaker die enigste of oorheersende bedoeling is om skade te berokken. Die Objektiewe vereiste sluit die vraag in of die beswaar geen noemenswaardige of regmatige belang gedien het van die persoon(e) wat teen die hersonering beswaar maak nie.

Robertson ontwikkel by die dag, veral met besighede in woonbuurte. Ons versoek u om die aansoek om Hersonering toe te staan, aangesien ons kan bydra tot die groei van plaaslike kleinbesighede en werkskepping met inagneming van alle wetlike regulasies.

Ons vertrou dat ons skrywe guns by u sal vind.

Die uwe

P. Wentzel

BYLAE 5

Aansoeker se verkeerstelling

11

5

TELLINGKAART VIR HOPLEYLAAN EN LEROUXSTRAAT ROBERTSON.

DATUM	LIGTE VOERTUIG	SWARVOERTUIG	TOT	TOTAAL
2/12/2021 Hopleylaan				35
Le Roux straat				63

Kommentaar: Twee lories het in Le Roux straat oery. 103

TELLINGKAART VIR HOPLEYLAAN EN LEROUXSTRAAT ROBERTSON.

DATUM	LIGTE VOERTUIG	SWARVOERTUIG	TOT	TOTAAL
3/12/2021 Hopleylaan				49
Le Roux straat				110

Naam : Keriehnje Handtekening: Kontak nr 073 677 5991
Kommentaar: In Hopleylaan het daar twee lories en een busse en een lorie (in Hopleylaan was daar twee busse, twee lories en een lorie) 159

51

Annexure B**Appeal**



SIMONE OLIVIER
ATTORNEYS INCORPORATED

Suite 100A, First Floor, 101 York Centre, 101 York Street, George, 6529
T: 074 781 1334 E: info@solaw.co.za

LANGEBERG LOCAL MUNICIPALITY
MUNICIPAL MANAGER

BY EMAIL: mm@langeberg.gov.za

OUR REF: MAT0077/P Wentzel
YOUR REF:

3 June 2022

Dear Madam/Sirs,

RE: REJECTION OF APPLICATION FOR REZONING OF ERF 400 & 402, HOPLEY AVENUE, ROBERTSON

1. We refer to the above matter and all previous correspondence in this regard.
2. As previously stated, our client launched an application for the rezoning of the abovementioned properties on 20 August 2021, which application was subsequently rejected by the Langeberg Municipal Planning Tribunal on 4 May 2022.
3. A letter dated 12 May 2022, confirming the decision by the Langeberg Municipal Planning Tribunal was addressed and sent to Mr Theron at Muhi Theron Land Surveyors, which letter was only brought to our client's attention on 25 May 2022. The reason why our client was not informed of this decision promptly by neither Mr Theron, nor your offices, is unknown to us at this stage.
4. Based on the fact that our client only received notice of the decision on 25 May 2022, we requested an extension of the prescribed period for entering an appeal on behalf of our client. Albeit our substantiated explanations, the request for extension was denied. Be that


Reg. no.: 2020/656310/21

Director: Simone Olivier LLB (UNISA)

as it may, an appeal was filed by our client on 2 June 2022, in accordance with the directive from your offices.

5. We, however, wish to place on record, for purposes of possible future litigation, that our client did not receive 21 days as he is entitled to in terms of Section 79(2) of the Land Use Planning Bylaw, 2015, providing that a person whose rights are affected by a decision contemplated in Section 79(1) may appeal in writing to the Appeal Authority within 21 days of **notification** of the decision.
6. Kindly further find hereto attached a copy of the served appeal documents for your ease of reference.
7. We trust that you find the above in order.

Yours Faithfully



SIMONE OLIVIER ATTORNEYS INC.

Per: SM Olivier

E-mail: info@solaw.co.za

Tel: 074 781 1334

APPELVORM

(Artikel 79 van die Langeberg Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2015)

LET ASSEBLIEF: Voltooi asseblief hierdie vorm in DRUKSKRIF en merk die toepaslike blokkies. Heg hierdie vorm aan u appèlbrief wat moet voldoen aan Artikel 80 van die Langeberg Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2015.

DEEL A: APPEL

Appelleer u teen die besluit gemaak deur die gemagtigde werknemer of Tribunaal?	(y)	Indien Ja, dui in Deel E aan of die appèl ingedien word teen die besluit as 'n geheel of 'n deel van die besluit. Indien laasgenoemde geld, verskat 'n beskrywing van die deel.
Appelleer u in verband met die versuiming van die gemagtigde werknemer of Tribunaal om 'n besluit te neem binne die tydperk beoog in artikel 57(1) of (2)?	N	Indien Ja, verskat teite wat versuiming in Deel E bewys.
Appelleer u teen die voorwaarde(s) van goedkeuring opgete deur die gemagtigde werknemer of Tribunaal?	N	Indien Ja, lys tersaaklike voorwaarde(s) en verskat 'n beskrywing in Deel E.
Is u appèl gebaseer op en hoofsaaklik gemoed met die proses wat gevolg is voor die besluit van die gemagtigde werknemer of Tribunaal?	N	Indien Ja, spesifiseer in Deel E.
Is u appèl gebaseer op en hoofsaaklik gemoed met die metode van die grondontwikkeling of grondgebruik-aansoek waarop u van oortuiging is dat die gemagtigde werknemer of Tribunaal gefouteer het in sy/haar besluit?	(y)	Indien Ja, spesifiseer in Deel E.

Datum van besluit

4/5/2022

Datum waarop kennisgewing van besluit ontvang word

23/5/2022

Wie het die oorspronklike besluit geneem?

Gemagtigde werknemer

X Tribunaal

DEEL B: BESONDERHEDE VAN APPELLANT

Voornaam(e)

PETER

Van

WENTZEL

Naam van maatskappy of regsgeleerde persoon (Indien van toepassing)

SIMONE OLIVIER PROKUREURS INGELYF

Posadres

Hopley laan 6, Robertson, 6705

		Pos-kode		6705
E-pos		info@solaw.co.za Peterwertzel@telkomsa.n		
Tel	Faks	Sel	074 781 1334 070 988 1794	
DEEL C: APPELLANT SE BESKRYWING VAN EIENDOM (Eiendom wat geaffekteer word deur voorgestelde ontwikkeling)				
Nummer(s) van Erf/Gedeelte(s) of Plaas(e), stuk grond.	Erwe 400 (deel van ageregseerde konsolidasie, erf 8210) en 402			
Fisiese Adres	Hopley laan 6			
GPS-koördinate			Dorp/Stad	Robertson
DEEL D: BESKRYWING VAN EIENDOM VAN VOORGESTELDE GRONDONTWIKKELING				
Erf- of Plaasnummer(s)				
Fisiese Adres				
GPS-koördinate			Dorp/Stad	
DEEL E: MOTIVERING EN REDES VIR APPEL				
Sien aangeheg				
* Appél motivering, inligting en redes mag aangeheg word.				
DEEL F: APPELFOOI (AANSOEKER) (moet deur amptenaar voltooi en gebruik word)				
			Appél	
			TOTAAL APPELFOOI*	R3317-00
* Appélfooi wat aan die Munisipaliteit betaal word, is nie-terugbetaalbaar en bewys van betaling van die aansoekfooi moet die aansoek vergeesel.				
BANKBESONDERHEDE				
Noom:	Langeberg Munisipaliteit			
Bank:	Absa			
Taknummer:	33-45-13			
Rekeningnummer:	105 000 000 8 (Tjek)			
	A10..... (e.g. "A10 [Erf 2345, Robertson]" of/or "A10 [Farm 123/4, Montagu]")			

Betaling verwysing:

DEEL G: AANHANGSELS EN ONDERSTEUNENDE INLIGTING EN DOKUMENTASIE

Voltooi die volgende kontroelys en heg of die inligting en dokumentasie wat tersaaklik is vir die appél aan.


☒ J	☐ N	Bewys van betaling van appélfoote (aansoeker)	☒ J	☐ N	Bewys van kennisgewing van appél (aansoeker)
☒ J	☐ N	Afskaff van besluit en bewys van kennisgewing	☒ J	☐ N	Afskaff van voorwaardes van goedkeuring
☒ J	☐ N	Motivering en redes vir appél	☒ J	☐ N	Ander (spesifiseer)

AFDELING H: VERKLARING

Hiermee bevestig ek die volgende:

1. Dat die inligting vervat in hierdie appélvorm en meegaande dokumentasie volledig en korrek is.
2. Ek is bewus daarvan dat dit ingevolge Artikel 85(1)(a) van genoemde Verordening 'n oortreding is om besonderhede, inligting of antwoorde te verskaf wat ek weet verkeerd, vals of misleidend is of nie van die oortulging is dat dit korrek is nie.

Handtekening van appellant:



Datum:

21/6/2022


Volle naam:

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK

Datum ontvang:

02-06-2022

Ontvang deur:





LANGEBERG
MUNISIPALITEIT MUNICIPALITY MASIPALA

ADMINISTRATIEWE EN UITVOERENDE KANTOOR
ADMINISTRATIVE AND EXECUTIVE OFFICE
IOFISI YOLAWULO NEYESIGQIBA

Private Bag X2, ASHTON 6715
28 Main Road, ASHTON 6715
T +27 23 615 8000 F +27 23 615 1563
E admin@langeberg.gov.za www.langeberg.gov.za

Ons verw nr / Our Ref No
Isalathiso Sethu 15/4/13/7

K Brand Navrae / Enquiries
Imbuza

12 Mei 2022

Muhl Theron Landmeters
Posbus 438
MONTAGU
6720

Meneer/Me

VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERWE 400 & 402, HOPLEYLAAN, ROBERTSON

U aansoek insake bogenoemde het betrekking.

Op 4 Mei 2022, het die Langeberg Munisipaliteit Beplanningstribunaal die volgende besluit.

Dat die aansoek vir hersonering van Erf 402 en 'n gedeelte van Erf 400, Robertson vanaf Enkel residensiële sone I na Vervoersone I ingevolge Artikel 60 van die Munisipaliteit Langeberg: Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2015 afgekeur word, om die volgende redes:

1. Die grondgebruik is nie versoenbaar met die gebruike in en karakter van die omliggende omgewing nie.
2. Die bedryf van die vervoeronderneming (busdiens) vanaf een of beide erwe 400 en 402 kan steurend wees vir omliggende inwoners ten opsigte van geraas en vrystelling van uitlaatgasse, asook visuele impak en kan sodoende die omliggende inwoners se genieting van hulle eiendomme en kwaliteit van lewe nadelig beïnvloed.
3. Die perseel is ongunstig geleë ten opsigte van die openbare padstelsel, sodat dit slegs via residensiële strate (Le Rouxstraat en Hopleyalaan) bereik kan word, wat nie funksioneer as verspreidings- of versamelroetes in die dorp nie.
4. Die aansoeker het nie voldoende ontledings of bewyse voorgelê dat die voorstel werkbaar is binne die bestaande padstelsel en op die betrokke perseel nie of dat dit veilig is ten opsigte van verkeer en voetgangers nie.
5. Die vestiging van 'n busdepot in 'n residensiële area kan afbreuk doen aan die sin van plek en aantreklikheid van die dorp vir inwoners van die betrokke gebied en word dus beskou as teenstrydig met die beginsels vir ontwikkeling wat in beide die Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (PSDF) en Langeberg Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (LSDF) voorgehou word.

'n Persoon wie se regte geraak word deur 'n besluit van die Beplanningstribunaal het egter ingevolge Artikel 79 van die Langeberg Munisipale Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2015, 'n reg tot appél teen die besluit. 'n Appél moet binne 21 dae na registrasiedatum van hierdie brief skriftelik op die aangehegte vorm aan die Appélowerheid (die Uitvoerende Burgemeester) gerig word en by die Munisipale Bestuurder ingedien word. Die beswaarmakers sal op soortgelyke wyse van die besluit en reg tot appél ingelig word.



Rig alle korrespondensie aan die Munisipale Bestuurder
Address all correspondence to the Municipal Manager
Thumelayonke imbalelwano kumphati Kamasipala

19

Let asseblief op dat die appél moet voldoen aan Artikel 80 van die gemelde verordening (afskrif aangeheg), ondermeer dat die Appellant gelyktydig kennis moet gee van die appél aan almal wat kommentaar op die aansoek gelever het.

Indien daar enige verdere navrae is, is u welkom om met mnr Jack van Zyl (023 – 614 8000) in verbinding te tree.

Die uwe



ASA DE KLERK
MUNISIPALE BESTUURDER



SIMONE OLIVIER
ATTORNEYS INCORPORATED

Suite 100A, First Floor, 101 York Centre, 101 York Street, George, 6529
T: 074 781 1334 E: Info@solaw.co.za

**LANGEBERG MUNISIPALITEIT
BY HAND**

OUR REF/ONS VERW: MAT0077/P Wentzel
YOUR REF/U VERW:

2 Junie 2022

Geagte Mnr/Me,

**I/S: KENNISGEWING VAN APP&L TEEN AFKEURING VAN HERSONERINGSAAANSOEK VAN
ERF 400 & 402, HOPELAAN, ROBERTSON**

1. Ons verwys na die bostaande aangeleentheid en bevestig dat ons namens ons kliënt, Mnr Peter Wentzel, hierin optree.
2. Dit is ons kliënt se respekvolle submitisie dat die Langeberg Munisipaliteit Beplanningstribunaal nie behoorlik oorweging en die gronde/ meriete soos vervat in ons kliënt se skrywe, hierby aangeheg vir maklike verwysing, geskenk het nie en word die redes vir die afkeur van die aansoek volledig mee gehandel in hierdie skrywe.
3. Die bystand wat ons kliënt verland is dat die besluit van die Langeberg Beplanningstribunaal heroorweeg word en die aansoek vir hersonering van Erf 402 en 'n gedeelte van Erf 400 goedgekeur word.
4. Ons vertrou u vind bostaande in orde.

Die uwe,

SIMONE OLIVIER ATTORNEYS INC.

Per: SM Olivier

E-mail: info@solaw.co.za

Tel: 074 781 1334

Reg. no.: 2020/656310/21

Director: Simone Olivier LLB (UNISA)

82 AANSOEKER SE REAKSIE OP BESWARE

Mnr P Wentzel
Hopley laan 6
Robertson
6705

Arnold Theron
Pr. Land Surveyor / Landmeter
9 Voortrekker St. Robertson
023 6143335/0828742094

Geagte Meneer,

IN SAKE: BESWARE TEEN HERSONERING VAN ERF 402 & 8210 HOPLEYLAAN 6 & 10

Ek verwys na die bovermelde aangeleentheid.

Ek bevestig dat ek 'n hersoneringsaansoek gefoods het en dat besware aangeteken was, nadat ek my kennigewings gelever het.

Dit is my opmerking dat inwoners, hoofsaaklik 7 families, besware geopper het met dieselfde bekommernisse en is dit my intensie om in hierdie skrywe hul besware in *seriatim*, te adresseer.

ANTWOORD OP BESWARE VANAF:

Mnr & Mev Kriel;
Mnr & Mev Cupido;
Mnr & Mev Jumat;
Melanie Roussouw
Mnr EE Jansen
Irene & Lynne Saayman
Me M Smith

1. Die area is 'n woongebied en inwoners sal nie toelaat dat my busbedryf voortgaan nie:

Robertson het oor die jare, soos baie ander klein dorpie, ontwikkel en is steeds besig om te ontwikkel. Op hierdie stadium beskik al die strate aangrensend tot Hopley en Le Rouxstraat

oor besighede, naamlik Van Zylstraat, Le Rouxstraat, Albertstraat en Keeromstraat in 'n radius van 200 meter. Verder as die 200m is ook heelwat besighede en word die Munisipaliteit uitgenooi om die besighede in die omgewing te kom besoek ter bewyse hiervan.

Die volgende besighede is besighede wat spesifiek ± 50 meter vanaf my woning bedryf word:

- Moreson kafee ingang,
- Van Zylstraat sportgronde – agter my,
- Jim van Tonder kafee (daar stop sommer heelwat vragmotors),
- Langeberg bestuurskool
- 2 haarsalonne,
- Farmer's market (wat ook vragmotors vrugte aflaai tot op interlink vragmotors),
- Swaisplek in Le Rouxstraat voor/na Farmer's market waar vragmotors staal aflaai.

Die volgende besighede is besighede wat ± 200 meter aangrensend van Van Zyl en Keeromstraat bedryf word:

- 2 x begrafnis ondernemers;
- Bietjie van als winkel – verskeidenheid items vanaf kamp toerusting, elektriese toebehore, motor parte, huishouding toebehore, ens;
- Klere winkel/ rekenaars;
- Jamona Superette; en
- Don Bros kafee wat verskeie items verkoop.

Besighede wat handeldryf in Albertstraat ± 50 tot 150m vanaf Hopleyalaan:

- Dagsorg sentrum;
- Meubels herstel plek; en
- Sleepwa verhuurings plek.

Daar word nog verskeie ander besighede binne die 200 meter radius bedryf. My besigheid word al die afgelope + 28 jaar in hierdie area bedryf, lank voor die Kriel en ander gesinne hier kom woon het. My besigheid is welbekend en was voormelde gesinne bewus daarvan voor hulle eiendom gekoop het. Soos hierbo uiteengesit is Robertson 'n ontwikkelende dorp en word die area reeds gebruik om verskeie besighede vanaf woongebiede te bedryf. My besigheid is nie 'n uitgesondering op die reël nie.

Mnr Israel Jeneke, het voor my ook 'n busdens besit en het die besigheid ook vanaf Erf 402 bedryf. Die afleiding kan dus gemaak word dat die eiendom wel geskik is vir die hersonering waarvoor ek aansoek gedoen het.

2. Kwessies rondom veiligheid

Ek is nie bewus van enige swaar voertuie wat ongetukke gemaak het in Hopleyalaan of Le Rouxstraat nie. Dit is my mening dat hierdie stelling baie vergesog en onredelik is, aangesien enige voertuig 'n ongeluk kan veroorsaak. Ons plaas op rekord dat Mev. Kriel 'n baie ongeduidige bestuurder is en dat sy baie onlangs op die h/v Le Roux en Keeromstraat in 'n ongeluk betrokke was.

Verder, parkeer Me Kriel en haar besoekers in Hopleyalaan, wat hulle nie mag doen nie, aangesien dit teen die Padverkeers Wet is, naamlik Regulasie 304(f), Wet 93/1996 Nasionale Padverkeers Wet. Hul beperk dus swaar voertuie en ander motoriste se verkeers vloei in Hopleyalaan. Indien daar so groot vrees vir ongetukke bestaan het, sou hul nie so onverskuldig opgetree het nie.

3. Vrees vir inbrake

Kriminele elemente is buite my beheer as inwoner en besigheidseienaar. Kriminele elemente is al vir jare deel van ons gemeenskap, veral dwelm misbruik. Hopleyalaan word as 'n deurgangs roete gebruik vir kriminele elemente. Ek en Jansen, afsonderlik, het dit al gerapporteer by die SAPD. Skelms gebruik die beboste "Wilmelsrivier" as skuiplek. 'n Moord was al gepleeg en vrouens wat in die rivier gesleep word gebeur op 'n gereelde basis. Persone gebruik Hopleyalaan en Le Rouxstraat ver na Curfew tyd tans (24h00-04h00).

My perseel word met 'n sekuriteit stelsel en gewapende reaksie eenheid beskerm wat volgens my mening 'n groot pluspunt vir die inwoners is, aangesien daar gereeld sekuriteit is wat die perseel kan monitor en patroleer en so ook ander kriminele elemente in die omgewing afweek. Sou hierdie erf onbenut gelaat word, sal baie meer kriminele aktiwiteite geskied en staar die eiendom moontlike vandalisme in die gesig, wat juis skade sal doen aan die aantreklikheid en voorkoms van die area.

4. Bedryfstye

Daar is verskeie swaar voertuie wat gebruik maak van Hopley laan en Le Rouxstraat. My busse verlaat die perseel 90 % een keer in die oggend en keer slegs een keer terug in die aand op die laaste 20h00. My besige tyd beloop vanaf Oktober tot middel Desember, daarna is die gebruik van busse $\pm 60\%$ - wintermaande skaal dit verder af tot $\pm 30-40\%$ in gebruik. Somertyd strek vanaf $\pm 06h00$ tot $20h00$ en wintertyd vanaf $\pm 07h00$ tot $15h00$ en soms een bus tot $18h00$. Die gebruik van 1 bus is soms op aanvraag vanaf $05h00$ gedurende seisoen tyd Oktober tot middel Desember, maar dan laai plaas vragmotors en ander bus maatskappye reeds mense by Moreson ingang op.

5. Gesondheidsrisiko

Ek ontken ten sterkste dat my busse 'n gesondheidsrisiko is, aangesien my busse elke 6 maande deur 'n Padwaardigheidstoets gaan, ingevolge Regulasie 142(1) (f) Wet 93/1996. Hierdie toets word in 'n gebou gedoen waar slegs die voor en agterkant van die gebou oop is en behels die toets 'n minimum van 20 minute. Sweerlik sal die toetsbeampte vir padwaardigheid oormatige rook afkeur. My busse voldoen aan alle Regulasies wat die Wet toelaat. Besoedeling is 'n universele aangeleentheid en kan dit nie toegeskryf word aan my busse wat dieselfde gasse uitlaat as enige ander voertuig wat deur die inwoners besit word nie.

Ek plaas op rekord dat daar 'n stortingsterrein reg agter Melanie Rossouw se woning is, wat 'n baie meer gevaarlike gesondheidsrisiko's inhou asook verdere vullis storting in die Willemsrivier van selfs dooie diere.

